

# Nuwe junior ensiklopedie in Afrikaans

JOHANNES RICHTER

Redakteur, Jacklin Uitgewers

## 'n Mylpaal vir Afrikaans en Suid-Afrika

In Oktober 2009 het Mike Jacklin 'n eksemplaar van die nuwe **Britannica junior: Ensiklopedie vir Suidelike Afrika** na die Frankfurt Boekeskou saamgeneem om aan Britannica te oorhandig.

Die tien volumes van altesaam 2790 bladsye bevat ongeveer 2700 kleurvolle foto's, tekeninge en tabelle en 1200 kaarte en vlae. Boonop het die samestellers verseker dat al die historiese figure en gebeure, bekende persoonlikhede, legendariese karakters, stede, plante, diere, mense en kulture, wetenskap, sport en tegnologie waaroor Suid-Afrikaners meer wil weet, daarin verskyn.

Dit het alles begin met Mike Jacklin van Jacklin Uitgewers se onwrikbare vertroue in Afrikaans as medium vir volgehoue onderrig in Suid-Afrika. Dit het die idee van 'n moderne Afrikaanse ensiklopedie by hom laat posvat.

## Die geboorte van 'n nuwe ensiklopedie

Dit was vroeg reeds vir Mike Jacklin duidelik dat daar 'n dringende behoefte bestaan aan 'n nuwe volledige Afrikaanse naslaanbron vir leerders in hoër- en laerskole, en hy was voortdurend op soek na 'n produk wat in daardie behoefte kon voorsien.

Aangesien dit die eerste gedrukte Afrikaanse ensiklopedie in 25 jaar sou wees, kon niks buite rekening gelaat word nie. Die leemte wat gevul moes word was net te groot: Dit moes duursaam wees vir gereelde gebruik, waarlik gesaghebbende artikels bevat en aan streng biblioteekstandaarde voldoen. Hierdie eg Suid-Afrikaanse produk moes jong leerders regoor Suidelike Afrika kon voorsien van internasionale materiaal wat hulle op gelyke voet met die wêreldgemeenskap kon plaas. Jacklin was op soek na 'n vennootskap wat aan hierdie vereistes sou voldoen.

Dit kon dus niks minder wees as 'n Britannica nie.

Dit was duidelik dat die formaat van die toe pas-gepubliseerde **Britannica Student Encyclopedia** ideaal sou wees. Britannica het in 2007 suksesvol 'n Franse weergawe ontwikkel wat op die bekroonde **Student Encyclopedia** gebaseer was, maar met baie oorspronklik Franse inhoud. Aan die einde van 2007 het Jacklin met die Franse uitgewer Universalis in verbinding getree om hulle model te bespreek.

Omdat die **Britannica Student Encyclopedia** oorspronklik 'n Amerikaanse produk is, was daar baie plaaslike inhoud soos inligting oor state en presidente van Amerika, inheemse stamme en publieke figure, wat vervang kon word.

Op dié manier bly die nuwe publikasie relevant en omvattend in sy internasionale inhoud, maar dit verkry ook 'n unieke inheemse inslag.

## Die Britannica student encyclopedia

Britannica is passievol om 'n omgewing te skep wat nie net die leerproses fasiliteer nie, maar ook dieper belangstelling en verdere navorsing inspireer.

Die **Britannica Student Encyclopedia** is met hierdie oogmerk ontwikkel. Dit is die eerste keer in 2007 gepubliseer, met 'n hersiene uitgawe in 2010. Die ensiklopedie fokus veral op skoolkinders en is ontwerp om toepaslike inligting bondig, duidelik en interessant aan te bied. Die inhoud wil leerders boei en hulle nuuskierigheid prikkel, maar terselfdertyd toerus om die ingewikkelder inligtingsterreine van die toekoms met selfvertroue te kan betree. Dit is dus geen wonder dat dit in 2008 die Teachers Choice Award in Amerika gewen het nie.

Die groot waarde van Britannica lê in die deeglike stelsels en prosesse waarmee hulle inligting kan organiseer en verifieer. Hul redigeerproses verseker dat alle artikels wetenskaplik, objektief en teikengerig saamgestel is en dus van hoogstaande gehalte is. Dit neem 'n groot las van die leerder se skouers af omdat hy/sy gerus kan wees dat die kennis wat opgedoen word, omvattend en reeds deeglik nagevors is.





▲ ◀ Toe die bestelling van die nuwe **Britannica junior Ensiklopedie vir Suidelike Afrika** op die werf geland het, is die interne prosessering bespoedig om die reeks so vinnig moontlik te versprei. Vir 'n paar dae het die Voorbereidingsafdeling soos 'n groot blou see gelyk



▲ Ninnie Steyn, Mike Jacklin, Brenda Kyle en Marlene van Zyl by die bekendstelling van **Britannica junior** in Kaapstad



◀ Ian Grant oorhandig 'n kopie van die ensiklopedie aan Alta van Rensburg en Prof de Stadler van die Taalsentrum. Saam met hulle is Dawid van Lill

Elke Britannica ensiklopedie bring dus betroubare kwaliteit en kritiese denke tussen sy blaaie bymekaar - 'n wenresep vir leerders met vertroue in hulself en vertroue in die leerproses.

### 'n Ambisieuse projek

Britannica het Jacklin Uitgewers se voorstel vir 'n soortgelyke Suid-Afrikaanse produk geesdriftig aanvaar; en in 2008 is die verspreidingsregte vir **Encyclopædia Britannica** aan Jacklin toegestaan.

Die soektog na die beste redakteur om die projek te realiseer het dadelik begin. Hierdie verantwoordelikheid het uiteindelik op ervare skrywer; joernalis en flinkdinker, Dawid van Lill, geval. Teen die einde van 2008 het hy 'n hoogsbekwame span medewerkers saamgestel, bestaande uit vyf kernlede en soveel as 20 bykomende skrywers.

Hulle eerste prioriteit was om uit te vind watter unieke Suid-Afrikaanse materiaal ontwikkel moes word. Van Lill het hiervoor 'n konferensie saamgeroep waar 20 opvoeders en bibliotekarisse van regoor die Wes-Kaap relevante onderwerpe volgens Suid-Afrikaanse behoeftes kon voorlê. Aan die hand van hulle aanbevelings en die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring is bestaande artikels aangepas en uitgebrei en is daar 492 splinternuwe artikels geskryf.

Van Lill en sy span is deurgaans deur die Taalsentrum van die Universiteit van Stellenbosch (onder leiding van Alta van Rensburg) in die redigering en vertaling ondersteun. Laastens, maar nie die minste nie, is alle feitelike inligting deur Britannica self nagegaan en goedgekeur om die Britannica-naam gestand doen.

Presies 'n jaar nadat Van Lill die leisels geneem het, sien die jongste kleinkind van die **Encyclopædia Britannica** uiteindelik die lig.

### Encyclopædia Britannica se rol

Inligting is die eenheid waarmee kennis verhandel word, en leerders van alle ouderdomme was nog altyd afhanklik van die inligtingsmakelaars in hulle pogings om te leer en die wêreld te verstaan. In hierdie lewendige mark van idees troon een naam ver bo die res uit: **Encyclopædia Britannica**. Eeue lank al is dit die breë skouers van die reus waarop die Westerse opgevoede wêreld staan.

In 1768 word die eerste **Encyclopædia Britannica** in drie volumes in Skotland gepubliseer. Dit was 'n

produkt van die periode in die geskiedenis wat bekend staan as die Verligting. Hierdie era lei die desentralisasie van kennis vanuit die hande van die intellektuele elite na die gewone mens in. Binne 60 jaar vanaf die eerste publikasie groei die ensiklopedie tot 20 volumes waartoe 'n groot groep vakkundiges bydra. Britannica word somer gou sinoniem met betroubare, gehalte-inhoud en gesaghebbende navorsing.

Sedertdien vloeï die kennis van meer as 4000 denkers, filosowe en geleerdes aan die voorpunt van hulle vakgebied van dwarsoor die wêreld by die indrukwekkende versameling van 32 volumes in. En in 2009 word Britannica as een van die tien mees uitsonderlike en gerespekteerde handelsmerke in die Verenigde Koninkryk benoem.

Maar as ons ook diepere begrip wil aanmoedig is daar meer as die blote verpakking en beskikbaarstelling van inligting nodig.

Die behoefte aan hoëgehalte-inligting is groter as ooit tevore. Ongelukkig kan die toenemende moeiteloosheid waarmee groot hoeveelhede inligting gesoek en verkry kan word die leerder maklik oorweldig en enige interaksie met die materiaal lamlê. Inligting word so maklik heen en weer aangegee en gekopieer dat dit ewe maklik nêrens insink nie. Sonder kreatiewe interaksie word onverwerkte data nooit omskep in nuwe inligting nie en inligting nie verwerk en geïntegreer tot beter begrip nie. Dit verg 'n bewuste proses van navorsing om iets werklik te verstaan.

Dit is die doel van elke **Encyclopædia Britannica**, en dus ook van die **Britannica junior: Ensiklopedie vir Suidelike Afrika**, om hierdie proses aan die gang te sit.

Hierdie mylpaal in Suid-Afrikaanse literatuur sal ongetwyfeld voldoen aan die hoë standaard wat Jacklin Uitgewers, Britannica en opvoedkundiges daaraan gestel het. Maar nog belangriker: dit belooft ook om die verwagtinge van die jong Suid-Afrikaners wat dit gaan gebruik, te oortref.

Die **Britannica junior: Ensiklopedie vir Suidelike Afrika** is reeds by biblioteke landswyd beskikbaar; en daarmee is die ys gebreek vir nóg opwindende opvoedkundige produkte waarna Suid-Afrikaners kan uitsien.

